

EKSAMEN		NASIONALE SENIOR CERTIFIKAAT	
GRAAD		12	
DATUM		MEI/JUNIE 2026	
VAK		AFRIKAANS HUISTAAL	
VRAESTEL		3	
PUNTETOTAAL		100	
TYDSDUUR (UUR)		3	
AANTAL BLADSYE		6	



SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE
 SUID-AFRIKAANSE KOMPREENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT



INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **TWEE AFDELINGS**:

AFDELING A: Opstel (50)

AFDELING B: Transaksionele tekste (2 x 25) (50)

2. Beantwoord **EEN** vraag uit **AFDELING A** en **TWEE** vrae uit **AFDELING B**.
3. Begin **ELKE** afdeling op 'n **NUWE** bladsy.
4. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n breinkaart of vloediagram. Doen jou beplanning **VOORDAT** jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.
5. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
6. Nommer elke teks soos dit op die vraestel genummer is.
7. Skryf die titel/opskrif van elke teks bo-aan jou skryfstuk neer. Die titel/opskrif word nie by die totale aantal woorde ingereken nie.
8. Skryf duidelik die woorde **FINALE SKRYFSTUK** bo-aan die skryfstuk wat geassesseer moet word.
9. Skryf in die taal waarin jy geassesseer word.
10. Die volgende tydsbesteding aan elke afdeling word aanbeveel:
AFDELING A: ongeveer 100 minute
AFDELING B: ongeveer 80 minute (40 minute per skryfstuk)
11. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.



AFDELING A: OPSTEL

VRAAG 1

Kies **EEN** van die volgende opdragte en skryf 'n opstel van **400** tot **450** woorde.

- 1.1 Ek staan voor 'n vervalde huis en wonder ... [50]
- 1.2 As ek die president van Suid-Afrika is. [50]
- 1.3 'n Paar probleme waarvan ek in my lewe ontslae wil raak. [50]
- 1.4 Sommige tieners se swak maniere laat veel te wense oor! [50]
- 1.5 Ek is 'n voorstander/teenstander van Kunsmatige Intelligensie (KI). [50]

Bestudeer die onderstaande prente (1.6 tot 1.8) en skryf 'n opstel oor **EEN**. Skryf die nommer en jou eie titel/opskrif neer.

1.6



[Bron: Google images. Bing com]

[50]



1.7



[Bron: Google images. Bing com]

[50]

1.8



[Bron: Google images. Bing com]

[50]

TOTAAL AFDELING A: [50]



AFDELING B: TRANSAKSIONELE TEKSTE

VRAAG 2

Kies **TWEE** van die volgende onderwerpe en skryf **180** tot **200** woorde oor elkeen. Skryf die nommer en die titel/opskrif van die teks wat jy gekies het, neer.

2.1 E-POS

Jou vriend/vriendin twyfel baie oor sy/haar toekomstige loopbaan ná graad 12.

Van	
Aan	
Datum	
Onderwerp	

Gebruik die bostaande formaat en stuur 'n **e-pos** aan jou vriend/vriendin waarin jy hom/haar oor sy/haar toekomstige loopbaan raad gee.

[25]

2.2 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het lanklaas vir jou broer/suster wat in 'n ander provinsie woon, gaan kuier of van hom/haar gehoor.

Skryf 'n **vriendskaplike brief** aan jou broer/suster waarin jy na sy/haar alledaagse doen en late uitvra en ook vertel waarmee jy jou besig hou.

[25]

2.3 DIALOOG

Jy is deur 'n bekende pop-/sportster na 'n restaurant genooi vir 'n koppie koffie.

Skryf die **dialoog** tussen jou en die pop-/sportster neer.

[25]

2.4 INFORMELE VERSLAG

'n Woonhuis het in julle woonbuurt afgebrand. Jy het die huis besoek en was geskok om die omvang van die skade te sien.

Skryf 'n **informele verslag**.

[25]

2.5 KOERANTARTIKEL

Jy is gevra om 'n koerantartikel oor die onderstaande onderwerp te skryf.

Bedelaars is 'n ernstige probleem in Suid-Afrika.

Skryf die **koerantartikel**.

[25]



2.6 HULDEBLYK

Jou buurman, oom Riaan Pieterse, is onlangs as gevolg van ernstige brandwonde tydens 'n veldbrand op sy plaas, oorlede. Die familie het jou gevra om 'n huldeblyk tydens sy begrafnis te lewer.

Skryf die **huldeblyk**.

[25]

TOTAAL AFDELING B: (25x2) [50]

GROOTTOTAAL: [100]